higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 2

XX Februarie 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	B
	1.1.2	A
	1.1.3	D
	1.1.4	C
	1.1.5	A
	1.1.6	D
	1.1.7	D
	1.1.8	A
	1.1.9	D
	1.1.10	B
	1.1.11	D
	1.1.12	A
	1.1.13	C
	1.1.14	A
	1.1.15	A
	1.1.16	B
	1.1.17	D
	1.1.18	A
	1.1.19	C
	1.1.20	A

(20 × 1) (20)

1.2	1.2.1	Waar
	1.2.2	Onwaar
	1.2.3	Waar
	1.2.4	Waar
	1.2.5	Waar
	1.2.6	Waar
	1.2.7	Waar
	1.2.8	Onwaar
	1.2.9	Waar
	1.2.10	Onwaar
	1.2.11	Waar
	1.2.12	Onwaar
	1.2.13	Onwaar
	1.2.14	Waar
	1.2.15	Waar
	1.2.16	Waar
	1.2.17	Waar
	1.2.18	Waar
	1.2.19	Waar
	1.2.20	Waar

(20 × 1) (20)
[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1	2.1.1	D		
	2.1.2	G		
	2.1.3	A		
	2.1.4	C		
	2.1.5	B		
	2.1.6	I		
	2.1.7	J		
	2.1.8	E		
	2.1.9	H		
	2.1.10	K		
			(10 × 1)	(10)
2.2	2.2.1	Wet op Ouer Persone 2006		
	2.2.2	Xenofobie		
	2.2.3	Childline		
	2.2.4	Intimiteit/teerheid/emosionele intelligensie		
	2.2.5	Suiker		
	2.2.6	Sensitiewe periodes/geleentheidsvenster		
	2.2.7	*Umkhonto we Sizwe*		
	2.2.8	Dendriete		
	2.2.9	Kolonisasie		
	2.2.10	Koolhidrate		
			(10 × 1)	(10)
				[20]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 3

3.1	3.1.1	A – Begrip✓ Om die inligting te herroep en te verstaan✓ en om betekenis✓ daaraan te heg.	(1 + 2)	(3)
	3.1.2	B – Toepassing✓ Om die kennis in die ware lewe of nuwe situasies te gebruik✓ en om 'n bepaalde probleem op te los.✓	(1 + 2)	(3)
	3.1.3	Analise beteken om komplekse inligting op te breek✓ in eenvoudiger dele✓ en sintese beteken om die dele weer saam te voeg✓ om 'n nuwe geheel te vorm.✓	(2 × 2)	(4)

3.2 3.2.1 Toepassing
3.2.2 Kennis
3.2.3 Analise
3.2.4 Evaluering
3.2.5 Sintese
3.2.6 Begrip/toepassing
3.2.7 Evaluering/analise
3.2.8 Toepassing

(8 × 1) (8)

3.3 3.3.1 Bevoegdheid verwys na 'n gestandaardiseerde vermoë✓ wat 'n persoon nodig het om 'n spesifieke taak behoorlik uit te voer.✓

OF

Bevoegdheid beteken om die kennis, vaardighede of gesindheid✓ te hê om volgens 'n spesifieke stel standaarde te presteer.✓

3.3.2 Besinnende toepassing is die proses waarvolgens jy die kennis wat jy deur besinning verwerf het, gebruik om toekomstige beplanning en onderrig te verander of probleme op te los.✓

3.3.3 Hoofstroming in onderwys verwys na 'n onderwysstelsel waarvolgens kinders met spesiale behoeftes in 'normale' skole opgeneem word.

3.3.4 Aanhaling verwys na bewyse of regverdiging van 'n stelling.

(4 × 2) (8)

3.4 Om te erken dat die woorde of idees wat jy gebruik het✓ van iemand anders afkomstig is. ✓ /Om plagiaat te vermy.✓✓ / Om vir jou lesers aan te dui waar jy die inligting opgespoor het ✓sodat hulle die bron kan naslaan as hulle wil.✓ / Om gesag aan jou werk te verleen.✓✓ / Om erkenning te gee✓ aan die persoon wat met die idee vorendag gekom het.✓ (Enige 2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 A – oksipitale lob
B – pariëtale lob
C – frontale lob
D – temporale lob
E – serebellum

(5 × 1) (5)

4.1.2 (a) Sig
(b) Gehoor

(2 × 1) (2)

4.1.3 Goeie voeding is belangrik vir die voorskoolse kind se brein ten einde te groei, ontwikkel en behoorlik te funksioneer. / Belangrike vitamiene en minerale wat belangrik vir jou brein is, word aangetref in voedselsoorte wat jy eet. / Hierdie voedselsoorte help 'n baba se brein om ten volle te ontwikkel. / Die brein het die regte proteïene en vette nodig om nuwe neuronverbindings te ontwikkel.✓
(Of enige toepaslike verklaring) (3)

4.2 4.2.1 Ouditiewe ontwikkeling verwys na die vermoë van 'n persoon om sensoriese toevoere van gehoor/klanke te interpreteer. (2)

4.2.2 Ja.✓
Babas behoort 'n verskeidenheid klanke te hoor sodat die brein kan leer om daardie inligting te verwerk. Dit stel die baba in staat om uiteindelik te reageer op dit wat gehoor word.✓
Visuele en ouditiewe blootstelling help die brein om later die voorwerpe en klanke te herken sonder om die volle beeld te sien./ Dit stel babas in staat om die wêreld om hulle waar te neem en daarmee in interaksie te tree.✓
(Enige DRIE toepaslike verklarings) (1 + 3) (4)

4.2.3
- Laat die baba met 'n verskeidenheid vorms speel.
- Stel die baba bloot aan speelgoed van verskillende kleure en teksture.
- Die baba kan met ratels en speelgoed speel wat geluide maak.
- Laat die baba na musiek luister. (Enige toepaslike voorbeelde) (4)

4.3
- Kognitiewe ontwikkeling verwys na die ontwikkeling van breinfunksionering✓ en denkvaardighede.✓
- Fisieke ontwikkeling fokus op bewegingsvaardighede✓ en die ontwikkeling van spiere.✓ (2 × 2) (4)

4.4 4.4.1
- Selfverwesenliking handel oor die bereiking van jou volle potensiaal.
- Wanneer ons fisiologiese, veiligheids-, samehorigheid- en egobehoeftes bevredig is, is die volgende en hoogste vlak selfverwesenliking. (2)

4.4.2
- Hulle aanvaar hulleself en die realiteite van die wêreld.
- Hulle is spontaan.
- Hulle is skeppend.
- Hulle waardeer lewe.
- Hulle probeer om van die wêreld 'n beter plek te maak.
- Hulle is probleemoplossers (eie en andere s'n).
- Hulle is in staat om dinge objektief te beskou.
- Hulle voel naby aan ander mense. (Enige 4 × 1) (4)

[30]

VRAAG 5

5.1 5.1.1
- Palesa is MIV-positief (chroniese siekte).
- Palesa is te oud vir haar graad, omdat sy 16 jaar oud is, maar nou eers in Graad 7 is.
- Genine het gedragsprobleme.
- Genine het tering. (Enige 3 × 2) (6)

5.1.2
- Die reg om by hoofstroom- opvoedkundige fasiliteite en dienste ingesluit te word.
- Die reg op hulptoestelle in skole.
- Die reg op verdere onderwys in hoofstroom- opvoedkundige fasiliteite. (Enige 2 × 2) (4)

5.2 5.2.1 Aanneming is 'n proses waarvolgens 'n persoon die ouerskap✓ van iemand anders, gewoonlik 'n kind, by daardie persoon se biologiese of wettig ouer oorneem.

OF

Wanneer 'n kind deur die hof in permanente sorg✓ geplaas word by iemand buiten die biologiese ouers.✓

5.2.2 Die proses waarvolgens 'n berader✓ tyd opsysit om 'n persoon te help om struikelblokke te oorkom wat tot gedragsprobleme aanleiding kan gee. ✓

5.2.3
- Dit verwys na individue van, onder andere, verskillende geslagte, seksuele oriëntasie, ras, ouderdom, godsdienstige oortuigings en politieke oortuigings wat in 'n land of gebied woon.
- Diversiteit beteken 'n verskeidenheid dinge.
- 'n Land wat bestaan uit baie tale, kulture en oortuigingstelsels.

Enige toepaslike verduideliking) (Enige 2 × 1)

5.2.4 Die proses waarvolgens mense van die hoofstroom- ekonomiese, maatskaplike en politieke lewe uitgesluit of gedeeltelik uitgesluit word. (4 × 2) (8)

5.3 5.3.1 D
5.3.2 A
5.3.3 B
5.3.4 E
5.3.5 C
5.3.6 J
5.3.7 H
5.3.8 I

(8 × 1) (8)

5.4
- Witskrif 6 beklemtoon dat alle kinders met inperkings of gestremdhede✓✓ in een onderwysstelsel/hoofstroomskole ingesluit of geïntegreer moet word.✓✓
- Kinders met spesiale behoeftes of leerstruikelblokke word nie meer van die onderwysstelsel uitgesluit nie,✓✓ maar in klaskamers ingesluit, en het die geleentheid om saam met hul portuurs te wees en in 'n klaskameromgewing te leer.✓✓ (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 6

6.1
6.1.1 Interpersoonlike/sosiale
6.1.2 Logies-wiskundige
6.1.3 Naturalistiese
6.1.4 Ruimtelike

(4 × 1) (4)

6.2
- Interpersoonlike/sosiale intelligensie: bestuurders, onderwysers, pastore.✓
- Logies-wiskundige intelligensie: wiskundiges/wetenskaplikes/rekenaar-programmeerders/-rekenmeesters/wiskundeonderwysers✓
- Naturalistiese intelligensie: botaniste, bewaringsgesindes
- Ruimtelike intelligensie: argitekte, bouers, grafiese ontwerpers

(Enige EEN loopbaan by elke intelligensie) (4)

6.3 6.3.1 (Urie) Bronfenbrenner (1)

6.3.2 Mikrostelsel
Dit is die laag naaste aan die kind en die kind bring die meeste van sy kinderjare tussen mense in die mikrostelsel deur. Dit verteenwoordig die kind se verhoudings met belangrike mense in sy of haar lewe, soos die ouers, onderwyser en broers en susters.Hierdie mense het gewoonlik 'n groot invloed op die kind se lewe. ✓ (Enige toepaslike antwoord) (1 + 3) (4)

6.3.3 Kommunikasie tussen die verskillende mikrostelsels is belangrik vir die kind se funksionering tussen hierdie stelsels. As die onderwyser en ouers met mekaar praat, kan probleme maklik geïdentifiseer word as die kind met iets in sy of haar lewe sukkel. Kommunikasie lei tot 'n beter begrip van die kind se lewe. Kommunikasie help die kind om holisties te ontwikkel.✓ (3)

6.3.4 Sosiale ontwikkeling verwys na veranderinge✓ wat in 'n omgewing plaasvind.✓ Dit is belangrik dat positiewe veranderinge op politieke en opvoedkundige gebied van 'n land plaasvind, sodat ontwikkeling en verbetering kan plaasvind.
Sosiale ontwikkeling op die politieke gebied in 'n land kan stabiliteit en demokrasie vir alle burgers verseker.✓✓
Sosiale ontwikkeling op die opvoedkundige gebied van 'n land kan geletterdheid en die ekonomie verbeter, omdat vaardighede ontwikkel word.✓✓ (2 × 2) (4)

6.3.5 Die kind boots die ouers of versorgers in die huis se gedrag na.✓✓
Kinders leer tuis oor norme en sedes en hoe om op te tree, wat daartoe lei dat hulle waarskynlik soos hul ouers sal word.✓✓
Blootstelling aan boeke, geleenthede, taal, uitstappies, besprekings en so meer sal die akademiese peil verbeter. Verwagtinge, ondersteuning en monitering deur die familie verbeter resultate. (Enige 2 × 2) (4)

6.4
- Kognitiewe ontwikkeling: Ouers kan met hul kinders praat en vir hulle sing. Dit ontwikkel taal, wat tot kognitiewe ontwikkeling lei. Hulle kan vir die kinders stories lees. Stel die kind aan nuwe ervarings bloot. Laat die kind speel – ook met opvoedkundige speelgoed. Betrek die kind by bakwerk, soos om bestanddele af te meet.
- Affektiewe ontwikkeling: Troos die kind en laat die kind geliefd en veilig voel. Leer die kind om sy of haar gevoelens en handelinge te beheer. Leer die kind om aan ander kinders se gevoelens te dink en empatie te ontwikkel. (Enige 3 × 2) (6)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou